Desember 2015

In hierdie uitgawe

Hierdie uitgawe van die Swartland munisipale nuusbrief fokus op dienslewering, maar bring u ook op hoogte van munisipale aktiwiteite.

Bladsy 1

Vyf uit vyf maak Swartland wenner

Swartland Munisipaliteit is trots maar ook nederig oor hierdie buitengewone prestasie.

Bladsy 2

Sluit op Facebook by ons aan

Ons is opgewonde oor ons eerste digitale tree. Sluit aan of mis uit.

Bladsy 3

Onkunde van die reg is geen verskoning

Munisipale inwoners moet hulle vergewis van die inhoud van munisipale wette of die risiko loop van groot boetes en ander strawwe.

Bladsy 4

#RainsMustFall

Ons damme loop leeg. Help asb om ons kosbaarste hulpbron te bespaar.

Skoon Oudit: Geluk is vyf in 'n ry

Swartland Munisipaliteit is trots daarop om vir 'n vyfde agtereenvolgende jaar 'n skoon ouditverslag van die Ouditeur-Generaal te ontvang, wat sy reputasie as een van die finansieel gesondste munisipaliteite in Suid-Afrika bevestig. Dit is ook 'n bewys van die harde werk van bestuur en personeel, asook die handhawing van hoë standaarde.

"Hierdie prestasie is 'n aanduiding van die ondersteuning van die munisipale raad om te alle tye 'die regte ding te doen' asook die oorsigrol van die verskillende komitees, naamlik die prestasie-, risiko- en finansiële ouditkomitee, die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en portefeuljekomitees", aldus Joggie Scholtz, Munisipale Bestuurder. "Leierskap en spanwerk tussen die verskillende departemente is belangrike elemente vir die bereiking van hierdie gesamentlike doelwit."

Swartland Munisipalitiet het beweeg van 'n Gewalifiseerde Verslag in 2005/06 tot Ongekwalifiseerde Verslae vir 2006/07 tot 2009/10, en het daarna vir vyf jaar agtereenvolgens Skoon Ouditverslae ontvang. (Verwys die tabel elders vir die omskrywings van die verskillende oudituitkomste.)

Die Ouditeur-Generaal se Bestuursverslag vir die finansiële jaar 2013/14 het twaalf ouditbevindinge bevat met aanbevelings vir bestuur om aksieplanne te implementeer ter verbetering van kontroles. Hierdie bevindinge het geen impak gehad op die ouditmening wat in die Finale Ouditverslag uitgespreek is nie. Gedurende die daaropvolgende finansiële jaar is al hierdie bevindinge opgelos en was daar geen herhalende bevindinge in 2014/15 nie.

Ter illustrasie van die verbetering in oudituitkomste, kan genoem word dat die Ouditeur-General se Bestuursverslag vir 2011 vyftien ouditbevindinge bevat het, wat in 2014 tot twaalf verminder het en tot slegs drie in 2015.

Scholtz het sy dankbaarheid teenoor die raad, bestuur en personeel uitgespreek asook jeens die ouditkomitee vir hul lojale ondersteuning en getroue diens aan die munisipaliteit. "Om 'n Skoon Oudit te kry is nie maklik nie, maar om daarmee vol te hou bied 'n baie groter uitdaging", sê hy. "Ek moedig werknemers aan om aan te hou moet die kwaliteit werk wat hulle oor die afgelope jare gelewer is en om hulself te verbind om die hoë standaard van administratiewe bestuur te handhaaf."

Kategorieë van oudituitkomste

KATEGORIE	WAT DIT BETEKEN	ANDER OMSKRYWINGS	
1) ONGEKWALIFISEERD MET GEEN BEVINDINGE NIE	Geen materiële wanvoorstellings kon in die finansiële state gevind word nie. Daar was geen wesenlike bevindinge rakende (a) verslagdoening oor prestasie-doelwitte of (b) nie-voldoening aan wet-gewing nie	'n Skoon oudit	**Ongekwalifiseerde finansiële state**
2) ONGEKWALIFISEERD MET BEVINDINGE	Finansieel ongekwalifiseerd, maar daar was bevindinge rakende (a) en/of (b) hierbo	Finansieel ongekwalifiseerd	
3) GEKWALIFISEERD MET BEVINDINGE	Die finansiële state bevat materiële wanvoorstellings in bepaalde bedrae, of daar is nie genoegsame bewyse vir die OG om tot die gevolg-trekking te kom dat bepaalde bedrae wat in die finansiële state vervat word, nie wesenlik foutief is nie		**Veranderde opinie**
4) ONGUNSTIGE MENING MET BEVINDINGE	Daar was materiële wanvoorstellings wat die geloofwaardigheid van die finansiële state wesenlik affekteer		
5) 'DISCLAIMER' MET BEVINDINGE	Onvoldoende bewys is gelewer op grond waarvan 'n ouditopinie uitgespreek kan word		

Swartland Municipality het sy erns bewys om burokrasie te beperk deur die EERSTE PLEK te behaal in die *Red Tape Reduction Challenge*, waardeur plaaslike owerhede aangemoedig word om weg te doen met uitgediende reëls en oneffektiewe prosesse en stelsels wat besigheids- en ekonomiese groei ontmoedig. Lees meer binne.

BLADSY 2/…

BLADSY 2

Sluit op Facebook by ons aan

Op Vrydag, 30 Oktober 2015 het Swartland Munisipaliteit die wêreld van Facebook betree.

Facebook is die grootste sosiale media platform in Suid-Afrika met 11.8 miljoen aktiewe gebruikers, en Swartland Munisipaliteit is nou deel van hierdie familie. Behalwe vir die tradisionele maniere van kommunikasie, kan u nou ook ons Facebook blad besoek om inligting te bekom oor sake wat belangrik is vir die Swartland-area en al sy mense. Facebook bied aan ons die vermoë om inligting vinnig te deel en om mense te bereik wat nie voorheen deur die konvensionele metodes bereik kon word nie.

Ons wil u aanmoedig om ons blad te besoek. Daar is alreeds inskrywings oor 'n groot aantal baie relevante en belangrike sake. Ons is voornemens om deurlopend op ons inskrywings te verbeter.

Swartland Munisipaliteit is trots op hierdie mylpaal en ook baie opgewone oor die digitale reis wat voorlê. Ons glo dat u op hierdie reis by ons sal aansluit. Gaan 'like' asb. ons Facebook blad en maak seker dat u nie uitmis op enige iets nie. Die skakel tot ons blad is www.facebook.com/SwartlandMunicipality/

EERSTE PRYS vir flinke goedkeuring van bouplanne

Swartland Munisipaliteit het vroeg November by 'n prystoekenningsgeleentheid in die Bay Hotel in Kampsbaai met die louere weggestap in die sg. *Red Tape Reduction Challenge*.

Die *Red Tape Reduction Challenge* is deel van die *Red Tape to Red Carpet* Program van die Wes-Kaapse Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme. Dit sluit aan by die Wes-Kaap Provinsie se onderneming om onnodige regulasies en oneffektiewe prosesse en stelsels wat ekonomiese groei en werkskepping striem, te verminder.

Die prys is aan die Munisipaliteit toegeken vir die deurlopend vinnige afhandeling en goedkeuring van bouplanne, wat deesdae gemiddeld minder as 10 dae neem.

Op die foto hieronder, saam met die Munisipale Bestuurder en hul direkteur, is die span mense van die direktoraat Ontwikkelingsdienste wat hierdie toekenning moontlik gemaak het.

Agter v.l.n.r. is Joggie Scholtz (Munisipale Bestuurder), Alwyn Zaayman (Senior Bestuurder Bou-omgewing), Marouise Meyer, Johan Steenkamp (Direkteur Ontwikkelingsdienste), Zelrhese Adonis, Bertus Keulder, Hilda de Kock en Michael Jacobs (Boubeheerbeampte). Voor v.l.n.r. is Clayton Jacobs, Herman Olivier, Alwyn Burger en Darryl Karriem.

Yzerfontein stortingsterrein om binnekort te sluit

Yzerfontein-inwoners moet kennis neem dat hul stortingsterrein amptelik op 9 Januarie 2016 sal sluit.

Vanaf 11 Januarie 2016 moet alle bourommel en bonkige tuinvullis na die Darling stortingsterrein geneem word deur Yzerfontein se inwoners. Die vullis-oorlaaistasie by die stortingsterrein sal egter oop bly vir huishoudelike vullis en klein hoeveelhede tuinvullis, bv. grassnysels, blare en dun take.

Vir meer inligting, skakel asb. met Freddie Bruwer.

Sê jou Sê!

Die Swartland munisipale raad het onlangs 'n konsep verordening insake Geleenthede sowel as 'n Informelde Handelsverordening goedgekeur.

Die **Verordening insake Geleenthede** beoog om publieke byeenkomste in die munisipale area te reguleer, kategoriseer geleenthede ooreenkomstig grootte en lê kriteria en voorwaardes neer waaraan voldoen moet word om seker te maak dat daar aan alle wetgewing voldoen word, en om verder the gesondheid, veiligheid en welsyn van die publiek te verseker.

Die **Informele Handelsverordening** sal die bestaande verordening vervang, en stel ten doel om te verseker dat informele handel op 'n geordende wyse plaasvind en dat informele handelsareas in 'n skoon en higiëniese toestand daar uitsien. Dit beperk verder informele handel naby sekere areas, bv. woonpersele, sekere besigheidspersele, plekke van aanbidding en areas naby openbare geboue.

Belangstellende partye, veral geleentheidsorganiseerders in soverre dit die Verordening insake Geleenthede aangaan, word hierby uitgenooi om hul skriftelike kommentaar rakende die voorgestelde verordeninge aan die Munisipaliteit te verskaf teen nie later nie as 12 Februarie 2016. Die konsep verordeninge is beskikbaar op die Munisipaliteit se webtuiste. Navrae kan gerig word aan Madelaine Terblanche of Nicolette Brand.

DERDE PRYS verower in Groenste Munisipaliteit Kompetisie

By die *Greenest Municipality Competition Awards* seremonie wat onlangs plaasgevind het, het Swartland Munisipaliteit die derde prys losgeslaan. Behalwe vir 'n trofee en 'n sertifikaat, het die Munisipaliteit ook prysgeld ter waarde van R50 000 ontvang.

Hessequa Munisipaliteit was die wenner met 89.8% met Mosselbaai Munisipaliteit met 77.6% in die tweede plek en Swartland Munisipaliteit derde met 64.5%.

In totaal het 16 plaaslike en 4 distriksmunisipaliteite aan die 2015 kompetisie deelgeneem.

Hierdie kompetisie vereis van munisipaliteite om aktiewe betrokke te raak by die bevordering van die doelwitte van die Groen Ekonomie, wat die behoefte om inisiatiewe soos son-energie, vergroeningsprogramme te fasiliteer, omvat, en ook om programme wat kweekhuisgasse beperk, bekend te stel. Oorhoofs beoog die kompetisie om volhoubare ontwikkelings aan te moedig, en terselfdertyd werkgeleenthede te verskaf. Die kollig val ook op verbeterde geïntegreerde volhoubare ontwikkelingstrategieë in munisipaliteite en poog om dienslewering aan gemeenskappe deur munisipaliteite te verbeter.

BLADSY 3/…

BLADSY 3

Nuwe munisipale wetgewing

Die munisipale raad het die afgelope tyd 'n aantal verordeninge afgekondig om sekere van sy grondwetlike funksies te kan reguleer. Hier is 'n bondige opsomming van die verordeninge wat afgekondig is:

Verordening	Beginsels en oogmerke	Ander beskrywing
Luggehalte	• Om beheer van lugbesoedeling binne die munisipale jurisdiksiegebied te bewerkstellig; • Om te verseker dat lugbesoedeling vermy word, of waar dit nie heeltemal vermy kan word nie, verminder of remedieer word	Hierdie verordening reguleer verskillende tipes uitlatings, bv. rookuitlating van persele anders as wonings, uitlating veroorsaak deur oopverbranding, uitlating wat 'n oorlas veroorsaak, aanstootlike reuke, stofoorlas, dampoorlas en plaag- en onkruidbespuitings-uitlatings. Navrae: Kobus Marais
Oordrag van Munisipale Kapitale Bates	• Om uitvoering te gee aan die munisipaliteit se Beleid insake Oordrag van Munisipale Kapitale Bates; • Om 'n regsraamwerk vir die bestuur en administrasie van die munisipaliteit se kapitale bates daar te stel; • Om die verskillende kategorieë kapitale bates te bepaal ten einde die gebruik, vervreemding en verkryging daarvan te reguleer; • Om prosedures ten opsigte van die verskillende kategorieë transaksies neer te lê.	'Kapitale bate' beteken (a) enige onroerende bate soos grond, eiendom en geboue; of (b) enige roerende bate wat deurlopend of herhaaldelik gebruik word vir meer as een jaar in die produksie of voorsiening van goedere en dienste, vir verhuring aan ander persone of vir administratiewe doeleindes, en waaruit toekomstige ekonomiese sosiale voordeel verkry kan word, soos aanelg, masjinerie en toerusting. Navrae: Madelaine Terblanche
Beheer oor Ondernemings wat Drank aan die Publiek verkoop	• Om (onder meer) voorsiening te maak vir dae en ure vir drankhandel deur gelisensieerde ondernemings in die munisipale gebied wat drank aan die publiek verkoop, en vir sake wat daarmee verband hou	Navrae: Madelaine Terblanche
Indiening van Bouplanne	• Om eenvormigheid te verseker rakende die indiening, oorweging en goedkeuring van aansoeke vir die oprigting van geboue in die munisipale jurisdiksiegebied	Hierdie verordening maak voorsiening dat alle persone, ingesluit staatsorgane, bouplanne moet indien voor enige konstruksie onderneem word. Navrae: Michael Jacobs
Buitereklame en Advertensietekens	• Om buitereklame te reguleer op 'n wyse wat vir die omgewingsgehalte van verskillende gebiede sensitief is; spesifiek om die gebruik van grond en geboue vir buitereklame en tekens te reguleer; • Om die riglyne en tekentipes soos vervat in die SA Handleiding vir Beheer oor Buitereklame te inkorporeer, d.w.s bepaalde standaarde voor te skryf	Hierdie verordening poog om 'n ewewig te vind tussen geleenthede vir buitereklame en ekonomiese ontwikkeling aan die een kant, en die bewaring van visuele, toeriste-, omgewings- en erfeniskenmerke asook voetganger- en verkeersveiligheid aan die ander kant. Navrae: Alwyn Zaayman
Skut	• Om voorsiening te maak vir die daarstel, onderhoud en beheer van enige fasiliteit geskep vir die skut van diere	Hierdie verordening voorsien, onder andere, vir die manier waarop en deur wie diere geskut mag word, en hoe daarmee gehandel moet word na dit geskut is. Navrae: Philip Humphreys
Reëls vir die Hou van Vergaderings	• Om vergaderings van die munisipale raad en sy komitees te reguleer, asook die gedrag van raadslede en lede van die publiek tydens vergaderings	Navrae: Nicolette Brand
Openbare Oorlaste	• Om 'n veilige en gesonde omgewing vir alle mense in die Swartland te bevorder deur'n omgewing te skep waarin die algemene publiek vrede en harmonie kan geniet	Hierdie verordening reguleer bepaalde aksies of handelinge op enige perseel wat die veiligheid van 'n persoon of eiendom in gevaar stel, of wat onooglik, ergerlik, hinderlik, aanstootlik of rusversteurend is vir ander mense. Dit reguleer, meer spesifiek, openbare oorlaste wat deur die aanhou van diere veroorsaak word. Navrae: Neville Matthys

Insamelings	• Om reëls en riglyne daar te stel om te voorkom dat persone of organisasies wat insamelings onderneem 'n oorlas vir enige persoon veroorsaak asook vir die bestuur en koördinering van insamelings ter beskerming van die algemene publiek teen uitbuiting	Hierdie verordening het die vorige verordening rakende deur-tot-deurkollektes vervang. Navrae: Nicolette Brand
Grondgebruiks-beplanning	• Om beslag te gee aan nasionale en provinsiale wetgewing rakende grondgebruiksbestuur binne die munisipale jurisdiksiegebied; • Om ruimtelike beplanning, ontwikkelingsbestuur, aansoekprosedures te reguleer en om kriteria te verskaf vir besluitneming, munisipale beplanningsbesluitneming-strukture, ens.	Die onlangse regshervorming binne die ruimtelike beplannings- en grondgebruiks-bestuursektor weens die landwye implementering van SPLUMA (*Spatial Planning and Land Use Management Act*) en die geleidelike implementering van LUPA (*Land Use Planning Act*) deur Wes-Kaapse munisi-paliteite, behels die begin van 'n geheel nuwe era in terme van ruimtelike beplanning en besluitneming rakende grondgebruiksbestuur.

Al die bogenoemde verordeninge (uitgesluit die verordening rakende grondgebruiksbeplanning) is in sowel Engels as Afrikaans gepubliseer. Afskrifte daarvan kan aangevra word via die e-posskakel wat op die munisipaliteit se webtuiste verskaf word.

BLADSY 4/…

BLADSY 4

Swartland Munisipaliteit doen 'n ernstige beroep op inwoners om water te bespaar. Alhoewel die Departement van Water en Sanitasie nog nie waterbeperkings met betrekking tot die Wes-Kaapse watervoorsieningstelsel aangekondig het nie, is dit van uiterste belang dat inwoners nou reeds moet begin water bespaar.

Die vlak van die ses damme in die stelsel is die laagste in 8 jaar. Swartland se hoof watervoorsieningsbron, die Voëlvleidam is tans (op 25 November 2015) op slegs 40.5% in vergelyking met 97% in 2014.

Hieronder is 'n paar wenke om water te bespaar.

In en om die huis

- Deur vir vyf minute te stort elke dag, in plaas van om te bad, sal slegs 'n derde van die water gebruik wat gebruik word om te bad, en kan aan tot 400 liter water per week bespaar word.
- Maak gebruik van laevloei-stortkoppe, toilette met dubbel spoelmeganismes en waterdoeltreffende wasmasjiene.
- Ketels moet nie tot bo toe volgemaak word nie – gebruik slegs genoeg water vir u behoefte. Dit sal ook 'n verlaging van u elektrisiteitsrekening teweeg bring.
- Moenie houers, soos potte vir kook, oorvol maak nie, aangesien meer energie nodig sal wees om die water te verhit.
- Vermy dit om groente onder lopende water af te spoel.
- Moenie vuil eetgerei met lopende water was of spoel nie.
- 'n Lekkende toilet wat nie herstel word nie, kan tot 100 000 liter water in een jaar vermors.
- Deur die toiletspoelvolume te verminder, kan tot 20% in waterverbruik bespaar. Dit kan gedoen word deur 'n 2-liter koeldrankbottel, gevul met water en 'n bietjie sand om gewig by te voeg, in die spoelbak te plaas.
- Moenie die toilet onnodig trek nie. Raak ontslae van sneesdoekies en ander afval via die vullisverwyderingstelsel, en nie deur dit in die toilet af te spoel nie.
- Gebruik 'gryswater' – gebruikte badwater of water afkomstig van wasmasjiene en ander veilige bronne – om u toilet te spoel.
- Moenie u swembad oorvol maak of uitermate terugspoel nie.
- Gebruik 'n emmer eerder as 'n tuinslang om u motor te was. As u wel 'n tuinslag moet gebruik, gebruik 'n spuitkop wat afgeskakel kan word. Deur van 'n tuinslang gebruik te maak, kan soveel as 30 liter water per minuut verbruik word.
- Wanneer u gesig was, tande borsel of skeer, draai die kraan tussendeur toe.

In die tuin

- Maak altyd u plante nat tydens die vroeë oggendure of in die aand, wanneer die temperature laer is.
- Tussen 10:00 en 15:00 kan tot soveel as 90% as gevolg van verdamping verlore gaan.
- Spaar telkens die afgekoelde water wanneer u 'n eier kook om u huisplante daarmee nat te maak. Die plante sal baat by die voedingstowwe wat deur die eier se dop vrygestel word.
- Fokus op inheemse plante en uitheemse plante wat nie water verbruik nie (maar nie uitheemse indringerplante nie).
- Groepeer plante volgens hul waterbehoeftes.
- Besproei tuine minder gereeld, maar maak meer intens nat.
- Verwyder indringerplante vanaf u perseel.
- Dakwater kan ook voordelig gestoor word in tenke om tuine mee nat te maak.

HET U GEWEET?

Die beraamde water wat vir sekere basiese aktiwiteite in en om die huis gebruik word:

- Om hande te was terwyl die kraan loop = 5 liter
- Om hande te was sonder dat die kraan loop = 1 liter
- Om tande te borsel terwyl die kraan loop = 2 liter
- Om die toilet te trek = 13 liter
- Om 'n kort stortbad te neem = 30 liter
- Om te bad = 90 liter
- Om 'n motor met 'n tuinslang te was = 50 liter
- Om die tuin vir 15 minute nat te maak = 50 liter

BELANGRIKE KENNISGEWING: Mense met outomatiese besproeiingstelsels in hul tuine moet sorg dra wanneer hulle vir lang tye van die huis af weg gaan wees. Die Munisipaliteit ontvang soms klagtes dat 'n outomatiese klep van 'n besproeiingstelsel in die oop posisie vasgesteek het terwyl die huismense weg is met vakansie. Die gevolg is dat 'n groot klomp water verlore gaan en die eienaar (boonop na 'n vakansie) met 'n baie hoë waterrekening gekonfronteer word. Gaan u besproeiingstelsels behoorlik na voor u vertrek en versoek u bure om'n ogie te hou in u afwesigheid.